Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

November 2024

# Borgward Nuus / News

## Voorwoord

Die jaar spoed ten einde en hierdie is al weer die laaste uitgawe vir 2024. Ons kan egter terug kyk oor 'n jaar vol oplewing en interessanthede soos uiteengesit in die verslag van die Algemene Jaarvergadering wat elders verskyn. Die vergadering het egter nie op die verlede gefokus nie maar wel op die toekoms van ons klub. Heelwat voorstelle is ingedien wat gelei het tot die besef dat die verantwoordelikheid vir implementering lê by die dagbestuur van die klub. Dit verander ons "modus operandi" en derhalwe gaan die bestuur gereeld vergader in die toekoms met ons maandelikse byeenkomste by die klubhuis wat meer sosiaal van aard gaan raak en sal dien as inligting sessies om lede op hoogte te hou.

In hierdie uitgawe het Kees ook weer diep gedelf in die argiewe en baie interessante artikels en inligting "uitgegrawe" soos 'n Borgward getuigskrif uit Kanada en een van die laaste briewe van Carl Borgward aan sy kliënte. Laasgenoemde is baie insiggewend en ek glo dit het destyds die hele wêreld se vertroue gewen, net om te eindig in die tragieste gebeurtenis in die geskiedenis van die motorbedryf! Lees ook die voorwoord wat die destydse Minister van Ekonomiese Sake , Dr N Diederichs oor die penetrasie van motors per kapita in baie dele van die wêreld uiteensit in die gedenkboek oor vordering in die motorbedryf wat in 1959 verskyn het. Baie interessant!

Dankie aan almal wat bydraes gelewer het en ook aan Kees en Magda vir die pragtige versorging van hierdie lywige uitgawe.

Louis

***INDEKS/INDEX:***


*Voorwoord & Kerswense* 1

*Die Darling uitstappie* 2

*Briewe uit Noag se ark* 3&4

*Bly in die ark* 5&6

*Killarney motor skou 2024* 6

*Klub uitrit na Postcard Café* 7

*Graham: P100 & Meelewing* 8

*Borgward Isabella in Canada* 9

*Voorsitters verslag* 10

*Om oor na te dink* 11


## Kerswense

Oor 'n paar weke is dit weer tyd vir die grootste fees van die jaar. Ja, "Die Heiland is gebore, soos eeue reeds voorspel. Daar in die stad van Dawid word Hy Immanuel." Ons vertrou dat hierdie woorde uit 'n bekende kerslied ware betekenis sal gee aan al ons kersfeesvieringe saam met familie en vriende. 'n Baie geseënde Kersfees aan al die lede van die Borgwardklub van Suid-Afrika, en hulle dierbares.

Redaksie

## **Die Darling uitstappie**

Volgens die oorspronklike jaarprogram sou ons op 8 September Darling toe gaan vir die jaarlikse orgideë skou. Toe ek op 18 Augustus wou begin om dinge te reël vir die uitstappie en gou op Google kyk vir meer inligting, sien ek dat die skou al van 9 tot 11 Augustus was! Dankie Google! Dis tòè dat ek sien dat daar wel van 20 tot 22 September 'n jaarlikse "Wild Flower Festival" op Darling is. Toe ek die nommer skakel vir meer inligting, antwoord Charl Venter, 'n baie vriendelike man. Toe hy hoor die Borgward Klub wil kom, was hy baie opgewonde. Hy bied gratis toegang aan vir die drywer en sy "navigator," asook spesiale staanplek vir die Borgwards – ons word toe sommer deel van die uitstalling van klassieke motors!

Ons het, soos gereel, 9 uur bymekaar gekom by die Engen 1 Stop op die N7 by die Philadelphia afrit. Vandaar ry ons toe in 'n konvooi van 5 Borgwards tot die Malmesbury afrit en kies toe koers Darling toe .Ongeveer 5 km verder, net na die treinspoor, wag ons 'n rukkie vir Martin en Salomè Kruger om by ons aan te sluit. Toe ons by die terrein inry, word ons ingewag en



verwelkom deur Charl Venter. Hy wys ons toe waar ons moet parkeer. Met eweredige spasies tussen die karre, en die voorste buffers in 'n reguit lyn, soos Graham of Pierrie dit sou gedoen het, staan die 5 Borgwards netjies opgestel.



Ons het dit so gereel dat ons elkeen ons eie gang gaan en nie in 'n groep beweeg nie. Daar was baie stalletjies, òf vir die innerlike, òf met allerlei interessante items – 'n egte plattelandse boerebasaar. 'n Pannekoek en 'n koppie boeretroos was natuurlik 'n moet! Die veldblomme uitstalling was iets besonders! Hulle het ontsettend baie grond, rotse en klippe in die saal ingery en daarmee heuwels, rotstuine en dammetjies gemaak. Twee dae voor die skou het hulle al die struike, plante en blomme geplant. Dit het hulle 2 weke geneem om die uitstalling gereed te kry – Dit was Chelsea standaard!



Ons het uitgevind dat hulle 12 uur by die braaitent sou begin om braaigeregte te bedien. Na 'n klompie selfoon oproepe, kom die klublede uit alle windrigtings by die tent bymekaar. Ek het 2 lang tafels "beset" en toe het ons almal saam gesellig gekuier en lekker geeët. Ons het saam besluit dat ons nagereg 'n roomys gaan wees wat ons as groep by die stalletjie daar naby gekoop



het. Versadig en verkwik het ons toe met 'n ander roete weer huiswaarts gekeer, en kon ons terugkyk na 'n genoeglike uitstappie.


Kees Beekman



**Briewe uit Noag se ark**

Met die deurgaan van die argiewe wat ons van Hans Heese ontvang het ongeveer 6 maande voor hy in Maart 2024 oorlede is, het ons op 2 interessante briewe afgekom wat ons graag plaas om dit met klublede te deel. Die een is 'n briefie van waardering, gedateer 11 Februarie 1959, van Carel Borgward aan Apie le Roux van Van Roux Motors. Die ander brief is gedateer 10 Februarie 1961, wat een van die allerlaaste omsendbriewe is wat deur die fabriek gestuur is aan alle Borgward, Lloyd en Goliath invoerders. Let op dat al 2 briewe natuurlik nog op ou tikmasjiene getik is – ons plaas dit met tikfoute en al. Namens die tikster van destyds, nogmaals verskoning vir al die tikfoute – om in daardie jare 'n fout reg te maak, was 'n ander storie! Daar was toe seker nog nie eers tipp-ex nie!!

Kees Beekman



DR.-ING. E.H. CARL F. W. BORGWARD
KONSUL VON MEXICO

BREMEN 11. 17. Februar 1959

Mr.
A. J. le Roux
Manager
- VANROUX MOTORS -
Posbus / P.O. Box 2962
JOHANNESBURG
South Africa

Dear Mr. le Roux,

I am much obliged for the impressive and attractive booklet " Van Roux Nuus " to which I referred with raising interest.

Faithfully yours,

~~Ver van die allerlaase omsendbriewe wat deur die fabriek uitgegee is~~

CARL F.W. BORGWARD G.M.B.H.
OUTOMOBIL & MOTOREN WERKE?, BREMEN

AAN ALLE BORGWARD-, LLOYD EN
GOLIATH INVOERDERS.

Uitvoer M/NL-jp. 10.2.1961
~~Sirkular~~ omsend brief Nr. 12/61

Geagte here,

Graag was ons u te verwys na onlangse persberigte insake moeilikhede by die Borgwardgroep van Maatskappye.

Heelwat skade is deur gissings in verskeie nuusblaaie veroorsaak.

Dit is duus belangrik dat ons un in kennis stel van die uitslag van die onderhandelinge tussen die Senaat van die Stad van Bremen, Duitsland, en Dr. Ing. h.c. Carl F.W.Borgward, laasgenoemde as die alleeneienaar van die Borgwardgroep van Maatskappye.

Dr. Borgward het verklaar dat hy bereid is om die voorstelle van die Senaat te aanvaar om sodoende die posisie van die Borgwardgroep van Maatskappye verder te versterk en terselftertyd hulle buite die berei van die afwisseling van seisoene en mark skommelinge te plaas. Nadat Dr. Borgward hierdie saak deeglik ondersoek en oorweg het, het hy besluit om die kontrole wat hy as atteeneienaar van die Borgwardgroep gehandhaaf het, oor te plaas na die nuut gevormde maatskappy:

MNRE. BORGWARD - WERKE A.G.

Hierdie nuwe publieke maatkappy waarvan die aanvangs-aandelekapitaal tot 'n bedrag van R 8,400,000. opgeneem is, sal nog die nut he van die ondervinding en advies van Dr. Borgward en al sy maatskapp is dus in hierdie nuwe maatkappy ingelyf.

Die volgende berig was aan die pers uitgereik:

"Onderhandelinge tussen die Senaat en Dr. Borgward op 7 Februarie 61 het gelei tot 'n ooreenkoms op die basis van die Senaat se vorstelle. Die beherende maatskappy wat gefloteer is duer die Stad van Bremen sal al die bates en laste van die Borgwardgroep oorneem. Dr. Borgward sal van sy kontrole en bestuur afsien, maar het ingewillig om sy raad ten alle tye aan die Maatskappy te verleen."

Weens die ooreenkoms word die Borgwardgroep van Maatskappye nou in 'n publieke maatskappy gekonsolideer en met die vergrote kapitaal, sal die nuwe maatskappy nog sterker as vorheen wees. Ons is oortuig daarv dat, met die wedersydse samewerking, ons al die skade wat verrig is, uitw en nie alleenlik die posisie van die Borgward produkte versterk nie, maar ook dit nog verder ontwikkel en uitbrei.

'n Belankrike aspek wat baie duidelik gestel moet word is, dat na mate daar tot 'n Ooreenkoms geraak word, daar geen verandering in produksie in die verskillende fabrieke van die Borgwardgroep sal wees nie; inteendeel word die uitbreiding van die huidige produksieprogram van ons suksevolle motor en vragmotor van verskeidenheid verserker.

Ons wil ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om on dank en opregte waardering te rig aan al ons invoerders, handelaars en hulle personeel hie, sowel as in die buiteland en terselfdertyd wil ons ook an al ons kliente vir die groot aantal briewe wat ons ontvang het waarin hul lojaliteit en vertroue uitgespreek was, ons bedanking betuig.

Hoogagtend, die uwe,

GOLIATH - WEKE G.MB.H.

LLOYD MOTOREN WERKE G.M.B.H.
(Get.) (Get.)

CARL F.W. BORGWARD G.M.B.H.
(Get) (Get.)

**Bly in die ark**!!!

Met die vorige berig wat ons gedagtes ver teruggevoer het, moet hierdie berig ook gelees word asof dit nou Nov. 1959 is. In daardie jaar was die Suid-Afrikaanse Motorhandelaarsvereniging 50 jaar oud en is daar 'n spesiale gedenkboek uitgegee onder die naam "Die Gees van vooruitgang." Dit is 'n baie interessante boek wat die vordering van die motorbedryf in Suid-Afrika sedert 1909 uitbeeld. Die destydse minister van Ekonomiese Sake, Dr. N. Diederichs, het voor in die boek 'n boodskap geskryf, waarvan ons 'n verkorte weergawe plaas. Onthou, dis nou 1959!!

Kees Beekman

In sy strewe na materiële welvaart is die mens voortdurend besig om nuwe middele te bedink wat die lewe vir hom geriefliker en aangenamer sal maak. Sodoende word daar steeds allerlei nuwighede vir die verbruiker beskikbaar gestel. Hoewel hierdie goedere aanvanklik miskien as luuks beskou mag word en dus slegs binne die bereik van die meer welvarende deel van die gemeenskap mag val, vind ons dat hierdie goedere met verloop van tyd die alledaagse benodigdhede van bykans elke redelik gegoede lid van die verbruikerspubliek word.

So ook was die motorkar nie alleen in die Unie nie, maar ook in die lande van oorsprong as 'n weelde-artikel beskou wat slegs deur die rykes in die samelewing bekostig kon word. Vandag, egter, verteenwoordig dit 'n noodsaaklike vervoermiddel wat deur alle persone beskou word as iets waarsonder hulle beswaarlik kan klaarkom. Nou moet ek u darem ook daaraan herinner dat die eerste motorkarre die gewone mens met afsku vervul het en as 'n gevaar beskou was. As 'n mens vandag aan die ontsettende en stygende ongeluksyfers op die paaie van die wêreld dink dan wonder 'n mens of die ou mense nie meer reg as verkeerd was in hulle beskouing nie.

Daar is natuurlik baie motoreienaars in ons land wat nie die besit van 'n motor kan regverdig nie, hetsy omrede hulle verdienstes nie sodanig is dat hulle die uitgawes verbonde aan die aankoop en instandhouding van hierdie vervoermiddel kan bekostig nie, of omrede hulle eintlik nie daarop aanspraak kan maak dat die besit van 'n motor werklik 'n noodsaaklikheid vir hulle alledaagse lewensbestaan is nie. Nogtans vind ons tog dat hierdie persone hulle self talle ander ontberings sal getroos eerder as om sonder 'n motor klaar te kom.

In ons land met sy groot afstande waar publieke vervoer soms óf nie beskikbaar is nie óf nie so gereeld is dat die gemiddelde persoon homself te alle tye daarop kan verlaat nie, is hierdie neiging by ons volk miskien verstaanbaar. Ons lewe immers ook in 'n eeu waar spoed 'n belangrike rol in die alledaagse lewe van die gewone burger speel, en onder sodanige toestande is dit begryplik dat die mens bereid sal wees om veel op te offer vir die gerief en gemak wat die besit van 'n eie motor vir hom inhou. Verder is dit ook onteenseglik waar dat vir 'n baie groot persentasie van ons bevolking die motorkar nie alleen 'n implement is om sy daaglikse brood te verdien nie, maar terselfdertyd ook die instrument is waardeur genot en ontstpanning gevind word. Die toenemende aantal motorvoertuie op ons paaie skep steeds 'n stygende aanvraag na instandhoudings- en herstelfasiliteite, wat op sy beurt die aanbod van ondernemers en geskoolde werkslui om hierdie fasiliteite te voorsien, gestimuleer het. Volgens 'n opname van die Buro vir Sensus en Statistiek het die Unie in 1957 'n totaal van 4142 motorbedryfsondernemings gehad. Hierdie ondernemings het werksgeleentheid aan sowat 71800 persone van alle rasse verskaf en salarisse en lone tot 'n bedrag van sowat £29 miljoen aan hulle uitbetaal, terwyl die totale omset van die betrokke ondernemings in daardie jaar sowat £282 miljoen beloop het. Hierdie syfers toon dat die motorbedryf beslis 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse ekonomie beklee.

Kyk ons nou na die jongste gegewens ten opsigte van die aantal motors wat in die Unie in gebruik is, dan blyk dit ook dat, in verhouding tot sy bevolking, Suid-Afrika een van die mees motorbewuste lande in die wêreld is. Gedurende 1958 was daar een motorvoertuig vir elke

14.1 persone van alle rassegroepe in die Unie in gebruik.  Dit is ongetwyfeld hoog as dit vergelyk word met die ooreenstemmende syfers vir ‘n aantal ander belangrike lande.  So, byvoorbeeld was die verhouding in die V.S.A. in 1958 1 tot 2.6, in die Verenigde Koninkryk 1 tot 9.8, in die Nederlande 1 tot 20.5, in die Duitse Bondsrepubliek 1 tot 15.4, in Australië 1 tot 4.9 en in België 1 tot 15.

Dit word verder bereken dat meer as 50 persent van alle motorvoertuie wat op die oomblik op die vasteland van Afrika in gebruik is, in die Unie geregistreer is.

Uit die syfers wat ek sopas gemeld het, is dit duidelik dat die motorbedryf ‘n heel besondere posisie in ons land se ekonomiese lewe beklee.  Trouens, daar is seker nie ‘n enkele persoon in ons land wat nie in sy alledaagse lewe regstreeks of onregstreeks van hierdie bedryf afhanklik is nie. Die noodsaaklikheid dat hierdie bedryf in al sy aspekte doeltreffend moet fungeer is dus voor die handliggend.

Die Vereniging behartig die belange van al die verskillende diensrigtings wat aan die motorbedryf in ons land verbonde staan.

Met my gelukwensing met hierdie mylpaal wat u bereik het, wil ek ook die hoop uitspreek dat dit ‘n aansporing sal wees tot groter diens aan ons land in die geheel en aan die motorreisende publiek in die besonder.

## **Killarney motorskou 2024**

Ek en Lizbe vertrek Sondag 3 November 2024 om 7.30vm uit Malmesbury na die Killarney motorskou. Die Coupè het lanklaas die dorp verlaat, omdat ek nog besig was om hom so goed as moontlik meganies reg te maak. Teen ‘n spoed van 60mpu gaan die km’s gou verby en ek besef weereens hoe lekker en gerieflik die Borgward ry. By Milnerton draai ons af van die N7. Vandaar is dit ry stop tot by die parkeerplek by die skou. Louis, sy kleinseun en Pierrie verwelkom ons en wys ons waar om te parkeer. 3 Coupè’s, 1 bakkie en 1 sedan maak die uistalling uit. Ons sit die vlae en borde op en ons gaan soek koffie.




Daar is vreeslik baie stalletjies wat allerhande items verkoop. Daar is ook vreeslik baie verskillende motors, bakkies, motorfietse en alles wat kan ry, uitgestal. Daar is vir elke motorliefhebber iets om na te kyk en te begeer. Elke 100 meter is daar iemand wat vreeslike harde musiek speel en dan is dit nog die aankondigings en informasie wat vanuit die beheerkamer uitgesaai word. Klink kompleet soos ‘n Babelse verwarring. Ons en Pierrie hou middag “piekniek” by Rola Motors se “stand”. Verkeie persone lees die inligingsborde, ander neem fotos en ‘n klompie het navraag gedoen. Pierrie het al die vrae hanteer.

Stadig maar seker het die dag omgegaan en ons neem plek in by die groot tent met die verwagting om ‘n prys te wen. Nie een van ons Borgward uitstallers was gelukkig om ‘n prys te wen nie. Teen 16.45 besluit ons om huiswaarts te keer. Gelukkig was die verkeer heelwat beter as vanoggend en gou gou was ek en Lizbe op die N7 op pad huistoe. Die Coupè bring ons veilig by die huis, waar hy nou staan en wag vir Sondag se uitstappie na Stellenbosch.

Borgward groete uit die Swartland

**Klub uitrit na  Postcard Café ,Stellenbosch: 10 November 2024**

Ek en Lizbe vertrek om 8.30 uit Malmesbury na die Wynland 1 stop om die lede, wat die uitrit meemaak, daar te ontmoet. Kees en Evert is alreeds daar met sy rooi coupè . Met 'n lekker koppie koffie in die hand wag ons dat die ander lede opdaag. Doepie, sy vrou Mariaan en Hennie maak hulle opwagting met sy blou sedan. Kort op hulle hakke volg Danie en Elsa met sy blou Coupè, en John en Liz met sy rooi sedan. Daarna is dit Louis en Rina met sy groen bakkie. Laaste is dit Robert en Mary met sy bruin Coupè, en Anja.  (Anja ry met haar eie motor want Robert se Coupè, soos al die ander Coupè's, het nie plek vir 'n 3 de persoon nie.) Kees verduidelik die roete wat ons gaan ry en om 10 uur vertrek ons.

Ons ry 'n paar beplande draaie deur Stellenbosch se besigste strate, veral Kerk straat is vol mense. Die voetgangers neem fotos, waai en maak mooi opmerkings oor die pragtige Borgwards wat min van hulle ken of al vantevore gesien het. Kees se roete het verseker die Stellenboschers  bewus gemaak van ons teenwoordigheid, presies wat hy in gedagte gehad het. Ons vat die Jonkershoek pad na ons eindbestemming, die Postcard Café. Daar aangekom probeer ons almal bymekaar parkeer.

Ons geniet 'n drankie op die eiland, wat 'n pragtige uitsig, en kuier lekker saam. Later neem ons ons plekke in by die restaurant. Die uitsig van daar af is net so mooi en dit is geen wonder dat die Postcard Café so gewild is nie. Die kos was baie lekker, veral die Bobotie en weereens kuier ons lekker saam. Na ete vertrek elkeen huistoe.

Wat 'n besonderse lekker uitstappie, ek en Lizbe sal dit beslis lank onthou.

Baie dankie Kees vir al jou moeite en reëlings.

Deon van Zyl















## Graham se P100 (vervolg van 2014)

In die uitgawe van April 2014 het ek vertel van my ideaal, en aankoop van 'n P100 en hoe ek die motor verkoop het in 'n oomblik van swakheid .

Jare daarna het ek dit opgespoor in Kendal, Mpumalange en dit teruggebring Kaap toe, nadat al vier bande en vellings op Britstown afgesteel was. In my vorige berig het ek genoem dat heelwat onderdele weggeraak het, soos die verkoeler, waterpomp, sierstroke, deurhandvatsels, parkeerliggies, ens! Ek onthou dat in die vorige aflewering ek die ander P100 eienaars uitgedaag het om almal (5) na Gariepdam te bring. Daarvan het dadels gekom want ek het 'n groot rugoperasie gehad wat opgevolg is met 'n hartomleiding en skouervervanging wat my jare teruggesit het.

Ek het die P100 gespuit en Albert Lourens het die blou fluweel bekleedsel vervang. Ek het in die vorige berig gesê om P100 onderdele te kry is nie maklik nie. Die GL230 wat in Mexico gebou is het veel minder sierstroke en het ook nie parkeerliggies nie. Gelukkig kon ek bykans alles van 'n persoon in Nederland kry. Johan de Villiers en Pierre de Jongh het my aan hom bekend gestel. Ander noodsaaklike onderdele is ingevoer en die P100 se engine loop!

Met die lugsuspensie het ek en Dirk baie gedagtes uitgeruil. Hier volg 'n paar wenke oor die suspensie: Moenie te veel bekommerd wees as hulle lek nie. Die Kompressor verskaf genoeg druk om te kompenseer vir enige lekke. Om te staan, het ek 4 kraantjies op elke wiel aangebring en siedaar—hy staan nou 50 dae voordat die stelsel weer opgepomp moet word!

Ek sal oor 2 weke die kar op die pad hê en 'n foto in die volgende nuusbrief plaas.

Graham Davies,

**Graham, ons sien uit na die fotos, ook van die binnekant asb!!**

## Meelewing:

Evert Veenstra was sedert die vorige nuusbrief in Aug. weer 3 keer in die hospitaal, waarvan 2 keer vir 'n infeksie, en 1 keer om velkanker op sy voorkop en skedel te laat wegsny. Hy het ook vir 'n paar weke onstettende arthritis pyn ervaar a.g.v. 'n fout met die voorgeskrewe medikasie.

Met Robert Schepel gaan dit die laaste tyd gelukkig beter, hoewel die bloeddruk nog bietjie spring en hy steeds salf gebruik vir die oog. Mag daar nog verdere beterskap wees Robert.

Dolf Tredoux is nog steeds huisgebonde en ondervind nog ongemak en ongerief omdat hy altyd naby moet wees. Ons mis hulle by die uitstappies en hoop dat dit gou beter mag gaan.

Hector Horne sukkel baie met sy mobilietyd vanweë erge pyn in sy bene. Ook hulle word gemis by ons uitstappies. Ons moet vroeg in die nuwe jaar vir Dolf en Hector-hulle 'n uitstappie Paarl toe reel.

Ons het met 'n ompad gehoor dat Helmine Claassen weer geval het en 'n oog prosedure moes ondergaan. Daarna het haar toestand tuis versleg en is sy in die hospitaal opgeneem waar sy vir 10 dae behandel is. Haar toestand was op 'n stadium kommerwekkend. Ons is dankbaar dat dit nou weer beter gaan.

Falko Nowack is teen die tyd dat die nuusbrief verskyn klaar met sy daaglikse behandeling van 6 weke. Ons vertrou dat daar gou beterskap mag wees Falko.

Kees Beekman

Onderstaande is ‘n verkorte weergawe van ‘n berig uit die boek “A Brooklands Road Test Limited Edition: Borgward Isabella” waarvan daar minder as ‘n duisend gedruk is. Ek het die boek met groot dankbaarheid in bruikleen ontvang van ons eie Hector Horne.

Kees Beekman

## A Borgward Isabella in Canada

Some Impressions of a VW Owner’s Graduation to Ownership of this 1 ½-litre German Saloon.

You may be interested to learn the feelings of one enthusiast who bought a car, without even road-testing it, on the strength of a Motor Sport Road-Test Report. I had previously, since coming to Canada, owned two Volkswagens, a 1954 30-h.p., each of which had been driven nearly 50, 000 miles on brutal roads at high speeds with no trouble whatsoever save for one broken shock-absorber- the result of clouting it on a high rock at excessive speed. When the second VW began to bulge at the seams as the result of the rapid growth of my five children it was replaced with the fantastically economical Mercedes Bens 180 D. This car was subsequently sold when it became expedient for me to fly for four months, and for this time we were without a car. But the time came to buy another car, and I cast my eyes about for a roomy, fast, economical, road-worthy European saloon. American cars are firmly eschewed because of their inherent unwieldiness on our gravel roads, their unquenchable thirst, their poor construction and their firmly built-in troubles. Many cars were inspected and tested and rejected for various reasons. The new Morris Isis – a good car – was rejected instantly, without even a test, because of the linkage of the beside-the-seat gear lever.

The Vauxhall Cresta, which I drove for nearly 1,000 miles, handled nicely enough in the city, left an unsatisfying impression at speed and seemed too fragile for this country: The Austin A105 felt heavy and unwieldy, the brakes are inadequate. The Vanguard Sportsman had no message beyond the fact that its seat was most uncomfortable, and memories of reported excessive tyre-wear in European rallies are disquieting. The Sunbeam Rapier and the MG Magnette were also tested, even though they offer only about the same amount of room as the VW, but the roadholding of each was pathetic and quite intolerable after so many enjoyable miles of Volkswagening. I went leafing through some back numbers of Motor Sport. In the October 1955 issue I found a report on the Borgward Isabella. These cars are just gaining a foothold in this part of the world, and I had seen only one or two about, there isn’t even a full dealer in Alberta as yet. But your report seemed to suggest that it offered everything I was looking for – roominess, economy, comfort, and above all, roadholding. I decided that this was the car for me – without even driving one, so complete is my trust in your road-tests, and without any further messing about I bought one. The car itself completely justifies my faith in your reports and to my delight I later found your comments confirmed in two other periodicals which are also noted for the impartiality and integrity of their road-tests, Consumer Reports and Road and Track.

I can say without qualification that I have never been so impressed. The roadholding is superb, the steering’s altogether delightful (I wonder if your test car had the correct recommended pressures for highway driving of 28 p.s.i. front and 30 p.s.i. rear – with these pressures the steering is definitely not “spongy”), and the economy is altogether out of line with the magnificent performance. This 1-5 litre car has the same top speed as the Zodiac, is slightly slower through the gears although the excellent 4-speed gearbox compensates for this on rough or twisty roads, yet the worst petrol consumption it has given is 24 m.p.g. in the city, and on one 200 mile stretch of hard-top highway which I regularly cover, it gives 32 m.p.g. at a steady 60/65 m.p.h., falling to 27 m.p.g. when driven at about stage nine, and this without benefit of overdrive. And that roadholding! Isabella cheekily “sees-off” hot Buicks and Chevvies and Mercuries as soon as the going gets rough or twisty. They sail by on the dual carriageways but are completely nonplussed to be passed with ease on the next corner or rough spot when their enormous stop-lights are illuminating the countryside. But for the obvious limitations of your space, I would happily burble on for ever about Isabella. In conclusion, I will come to the point of this article, which is to thank you most sincerely for an honest report of a car which, as you so aptly said. “is virtually without rivals.”

**Voorsitters verslag -Algemene jaarvergadering Augustus 2024**

Welkom by die 63ste Algemene jaarvergadering van die Borgward Klub van SA (Suidelike Streek).

Die afgelope boekjaar se hoogtepunt was beslis ons tweejaarlikse Nasionale saamtrek by Riva Resort in Louisvale, naby Upington, waartydens ons die Augrabiese watervalle besoek het en ook vriende gemaak en saam gekuier het met die Kalahari Oumotorklub. Tydens die uitstalling vir ons Concours, het ons baie komplimente en positiewe kommentaar ontvang van die publiek oor die kwaliteit van ons motors. Elke motor se toestand is deur kundige beoordeelaars nagegaan tydens die Concours en almal het 'n dienooreenkomstige toekenning ontvang. Daar was geen uitsonderings nie.

Daar is ook gereeld plaaslik kort afstand uitstappies en byeenkomste gereël, wat, alhoewel dit nie altyd die gewenste ondersteuning ontvang het nie, nogtans baie aangenaam was vir die wat wel meegedoen het. Die klub se 63ste verjaardag viering by die klubhuis was 'n besonderse byeenkoms en het getoon dat lede se entoesiasme nog steeds hoog vlam.

Verlede jaar het ons ons afsluit funksie in Swellendam gehou om alle lede 'n regverdige kans te gee om dit by te woon. Dit het baie goed gewerk en almal was dit eens dat dit 'n jaarlikse instelling moet word.

Die afgelope jaar is daar voortgegaan met projekte om skaars onderdele te bekom en/of te hervervaardig. Van die nuutste projekte sluit in vensterrame vir die Sedan sowel as die Coupe, verskeie nuwe rubber onderdele, verhitterpype, stuurdempers, ens.

Ons Webtuiste word gereeld besoek. Op Facebook het ons ongeveer 850 volgelinge en ons facebook blad kry selfs navrae vanuit ander vreemde lande (soos China), wat Danie Tredoux deur middel van Google Translate beantwoord. Baie dankie Danie! WhatsApp is steeds van dag tot dag die mees gewilde kommunikasiemiddel en lede word aangemoedig om klub verwante inligting te deel op ons whatsapp groep. Afgesien hiervan het ons nuusbrief elke kwartaal verskyn, waarvoor ons baie dankbaar is teenoor Kees en Magda vir hulle harde werk.

Ons ledetal bly konstant en ons finansiële posisie is gesond.

Hartlike dank aan alle lede van die bestuur wat die afgelope jaar die klub se wiele aan die rol gehou het. Dankie vir die lojale samewerking, asook aan ons dames vir hulle onmisbare bystand en ondersteuning.

Louis



**Om oor na te dink**

1. Om 'n spinnekop te sien, is nie erg nie. Om hom nie meer te sien nie, dit is erg.
2. Foutiewe keuses sorg vir goeie verhale.
3. Die optimis beweer ons leef in die beste land in die wêreld. Die pessimis is bang dat dit die waarheid is.
4. Verwondering is die begin van insig.
5. My vrou kan toor – haar foute word skielik myne!
6. Natuurlik praat ek soms met myself – ek het party keer ook behoefte aan 'n intelligente gesprek.
7. 'n Kameel kan 8 dae werk sonder om te drink. Ek kan die omgekeerde doen.
8. Sommige mense is soos wolke – as hulle weg is, is dit 'n mooi dag.
9. Waar kry ek nòg geduld – myne is op!
10. Jy kan van alles 'n probleem maak, maar jy kan ook van 'n probleem alles maak.

Kees Beekman


**Nuusbrief Redaksie:**

**Kees Beekman (082 579 0527)** – beekman@cosmoprop.co.za

**John McEwan (082 882 0599)** – jnmcewa@gmail.com

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486** – Lvjaarsveld@mweb.co.za